



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL I. No. 3.]

MEL, 1896.

[48. PER JAAR.

INHOUD.

GROETE VAN "ONS KLYNTJI."—(*Gedig*).

DI KONINGIN VAN SKEBA.—III. Léwendig begrawe.

HOE DI KORANNA-NASI HULLE YNDE GEVIND HET.—Deur Kommandant Cronjé. (Met syn Portret.)

DI KLAAGLIID VAN DI LAASTE BOESMAN.—(*Gedig* deur M. H. Neser.)

RYKE MENSE.—Di Rothschilds.

PORTRET VAN O'ERLEDE VEG GENERAAL N. J. SMT

DI JAMESON INVAL.—Bekroonde Opstel, deur H. Pienaar.

SKETSE VAN ONS VOLKSKARAKTER.—"Tjitte mar neer!"

OUPA SYN HOEKI.—(Winteraandstoriis ver Afrikaanse Kinders: Di Slangsteen. (Vervolg.)

PRATJIS O'ER DI NATUUR.—Di Son.

DR. NANSEN, DI ONTDEKKER VAN DI NOORDPOOL.


RAAISELS.

ONS KLYNTJI.—(*Gedig*.)

M. Glassberg's
PHOTOGRAFISCHE ATELIER
 te **Paarl en Worcester**
 Markt Plein. Russel Straat.

WAARBODEN EERSTE KLASSE PORTRETTE TEGEN ZEER BILIJKE PRIJZEN.
 OUDE PORTRETTE VERNIEUW EN VERGROOT TOT LEVENSGROOTE.
 SCHILDERIJLYSTEN
 VAN EENIG FORMAAT WORDEN OP KORTE KENNISGEVING GEMAAKT.
 SPECIALITEIT: VERGROOTE PORTRETTE.
 ALLE WERK WORDT GEWAARBORGT EIGENHANDIG TE ZIJN.

HET BULAWAYO LAAGER.



STRAAT

PUT

STRAAT

STRAAT

HEINING

STRAAT

12-PONDER
KANON.

INGANG.

NORDEN-
FELDT.

Dubbele rij wagens al om het plein met doorn-
draad en aardewerken.
Overige wagens met families in en om het binnenste.

VROUWEN
en
KINDEREN

VROUWEN
en
KINDEREN

GROOTE ZAAL
MARKTGEBOUW

Wacht
Kamer

STRAAT

HEINING

Hospitaal

Magazijn

STRAAT

HEINING

VROUWEN
en
KINDEREN

Hospitaal

STALLEN.

LATRINES.

MAXIM
KANON.

MAXIM
KANON.

STRAAT

STEEKDRAAD HEINING.

STRAAT

STRAAT

STRAAT



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 1.]

ONS KLYNTJI, MEI 1896.

[No 3.]

Inhoud.

GROETE VAN 'ONS KLYNTJI.'—(Gedig)	33
DI KONINGIN VAN SKEBA—III. Léwendig begrawe (Prent)	33
HOE DI KORANNA-NASI HULLE YNDE GEVIND HET.— Deur Kommandant Cronjé. (Met syn Portret) ...	38
DI KLAAGLIID VAN DI LAASTE BOESMAN.—(Gedig deur M. H. Nesor)	39
RYKE MENSE.—Di Rothschilds	40
DI JAMESON INVAL.—Bekroonde Opstel, deur H. Pienaar	42
SKETSE VAN ONS VOLKSKARAKTER —"T, itte mar neer!"	43
OUPA SYN HOEKI.—Winteraandstoriis ver Afrikaanse Kinders: Di Slangsteen. (Vervolg)	44
PRATJIS O'ER DI NATUUR.—Di Son	46
DR. NANSEN, DI ONTDEKKER VAN DI NO RDPOOL	47
Generaal Smit (Portret)	48
RAAISELS	} Convert
ONS KLYNTJI.—(Gedig)	

Groete fan "Ous Klyntji."

Dag, Niggiis, Neefs, Ooms, Tantes, dag!
 Het jul met smart my weer verwag?
 Ek kom di derde maal jul groet,
 En bring 'n tyding bly en goed.
 En weet jul wat di tyding is?
 Myn Pa sê: ek groei nou so fris,
 As ek weer kom di vierde keer,
 Dan bring ek 8 bladaye meer.
 Dit is dan anderhalwe vel,
 Sodat ek jul meer kan vertel,
 Veral van Skebas Koningin;
 Want daarin het jul soveul sin,
 Dat jul al ongeduldig word,
 En sê: 'k fertel mos al te kort.
 Nou sal ek meer fertel fan haar
 Di stori word nog wonderbaar;
 En haing andere dinge ook.
 Wat jul fergeefs elders sal soek.
 Daar kom aldag meer lesers by;
 Daarom dat jul meer leesstof fry.
 As julle dus nog meer begeer,
 Sorg dat di lesers nog fermeer.
 Myn Pa di is 'n goeie man;
 Hy gè jul steeds soveul hy kan.
 Neef, Niggiis, Tanniis, Ooms, faarwel;
 In Juni kom ek meer fertel.

Di Koningin fan Skeba,

OF

SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR DS. S. J. DU TOIT.]

VERKORTE INHOUD.—Lan s di Aandfuur by di wa lang^s
 Simbabwe kom di Towerdokter Umsalomi, wat deur di
 Kaptyn Umgabe "uitgeruik" is, flugtende fer syn léwe. Ons
 belowe hom beskerming, as hy ons di gehyme van di oue
 rewines fertel en alles gaan wys. Hy fertel ons hulle
 o'erlewerings fan di Witte Koningin, wat froe'er hiir
 geregeer het, en nou noz onder di Kop woon, en al jare
 oestyd met folle maan fer hulle kom segen, as hulle in di
 grot onder di berg fer haar en haar jong nois 'n bok slag
 en biir breng.

Met drang en drygemente beweeg ons hom om fer ons
 di plek te gaan wys. Hy bring ons by di ingang en met
 grote moeite skuive ons di grote klip weg, en find werkelik
 di grot met geraantes en biirpotte. Op ferdere drang
 bring hy ons ferder met 'n onderaardse gang tot onder di
 grote ronde gebou, waar 'n menigte fertrekke onder di
 grond is, en in 'n fersgelde kamer onder di gehymsinnige
 toren kry ons 'n graniit-kis, met 'n goue offerbak, 3 goue
 y'ers, 3 goue falli, en 'n goue koker, met 'n perkament rol
 daarin, waarop oue Hebreuse letters staan, en wat ons
 alleen méneem. Toen ons terugkom was di grote klip weer
 op di uitgang en ons kon dit oumolik ni ope kry ni.

III. LEWENDIG BEGRAWE.

Raad gehou.—Met di regterhandse Gang.—Deur 'n
 onderaardse Rifiir.—Nog 2 Grotte en verskillende
 Gange.—Geraantes en verroeste Wapens —'n Vermiste
 Papyrus-rol in 'n yster Kis.—'n Style Gang of Trap,
 fol losse Klippers —'n Onderaardse Klippers-Afrolery.—
 Tussen Rewines en Brandnetel-Bosse, mar tog uit.—
 'n Bitji Slaap.—Hoe di Ingang t'egemaak is.—Besoek
 fan Mnr. Fry. Umsalomi opgeys, mar ni o'ergegé
 ni.—Di Kop besoek same met Fry —Besoek fan Herw.
 en Juffer Louw.—Plan om Rol te ontsyfer.

DIT was 'n benoude uur toen ons daar by di ingang fan di onderaardse grot kom en ons find di yselike grote klip weer daarop. Ons het geweet hoe swaar dit is om di klip fan bo weg te skuive, en het dus ni eens perbeer om dit fan binne ope te kry ni. Di enigste kans sou gewees hê, as di walle van grond was, om dit e'n kant ope te grawe. Mar ongelukkig was di ingang tussen ontsaggelik grote graniitstène an alle kante, sodat daartoe gen kans was ni.

Wat nou gemaak? Goeie raad was nou duur. Umsalomi was nog meer ferskrik as ons. Op ons vraag: Wi di ingang sou toegemaak hê, sê hy dadelik: "Dis seker di Witte Koningin met haar nois. Hulle het fer ons nou hiirin toegemaak, dat ons nooit moet uitkom, om an andere mense te fertel wat ons gesiën het ni."

"Wat, jy 's gek met jou Witte Koningin! Dis di Kaffers di, wat fer ons afgeloer en toegemaak het. En sal hulle dan ni weer ope maak, dat ons kan uitkom ni?"—fra Henni.

"Au!" roep di towerdokter, "nooit ni! Ek het mos fer julle gesê di Witte Koningin sal fer ons almal dood maak."

"Is hiir dan ni 'n ander plek waar ons kan uitkom ni?"—fra ek.

"Né," was syn antwoord. "Ek weet mar net fan di een plek, waar ons altyd ingegaan het en uitgekom het, en waar di Witte Koningin en haar nois oek altyd uitgaan en ingaa."

"Ek het nog een hoop"—sê ek toen fer myn maters. "Mor'e o'g'nd sal Meneer Fry, di Kurator, ons kom besoek by di wa. En as hy daar kom sal Klaas hom wel fertel, dat ons met Umsalomi megegaan het hiir na di grot toe, en ni terug gekom het ni. En dan sal hulle fer ons kom soek."

"En mar molik w'et Mnr. Fry self ni fan di ingang ni"—merk Neef Gideon op.

"A ja, mar Klaas kan wonderlik spore hou"—sê Henni, "hy sal op ons spore loop en fer Mnr. Fry hiir by di ingang breng, en dan sal hulle wel 'n plan maak om dit ope te kry, en fer ons te laat uitkom."

"Ja, mar dan is di gehym oek meteen ontdek fan di grot en van alles wat ons ontdek het, en dit sou jammer wees"—merk Neef Gideon op.

"Mar daar is nog 'n kans fer ons" sê ek toen.

"Kyk, di pad wat regsweg gedraai het onder di Kop in, moet tog iwers na toe loop. Soos ek my dit voorstel loop di onderaards gang omtrint reguit fan di ronde gebou af na di Kop toe, en fan hiir-di ingang af is mar 'n gang, wat in di hofgang inlooptes 'n T. Nou kan ons teruggaan en volg dan di gang regsweg onder di Kop in. Altemit kom dit iwers uit.—Henni! fra fer Umsalomi waar di gang na toe gaan, en of ons ni daarmê iwers k ni uitkom ni?"

Henni doen di vraag, mar Umsalomi hou fol, dat hy ni weet fan 'n ander uitgang ni, en dat ons almal mar daar sal moet dood gaan.

"Nou denk ek oek an iits"—sê Henni, "Ek sal

nou mar skuld beken, waarom ek di hêle agtermiddag weg gebly het op di Kop. Di Kaptyn het my ni al di tyd opgehouden. Mar ek was te nuusgirig en so het ek tuss n di oue rewines rondgelopen. En dis tog te wonderlik. Daar is grote rotse en klippe, wat baing groter is as di grootste kerk. En tussenin is oral grote, dikke mure opgemessel. En daar is noue gange. En on'er party klippe is dipe gate, en noue skeure tussenin. En een plek het fer my gelyk, of daar 'n noue uitgang was fan onderaf. Mar dis toegefal met losse klippe fan di verbrokkelde mure en dis tussenin toegeroei met bosse en struike."

"Wel, dan moet ons mar perbeer om di pad te fat. Ons sal wel daar iwers uitkom,"—sê Neef Hendrik.

"Ja, mar as dit ons al geluk, dan kom ons straks net tussen di kaffers uit bo op di kop, en by di moeielike uitgang kan hulle ons algar fermoor. As di uitgang so styl uit klim, kan hulle ons met klippe dood gooi van bo af."

"En so is dit e'ek, Oom Gideon!"—roep Henni ferfaard. "En nou denk ek an nog iits: ons kërse is amper uitgebrand, en ek het fan effe di laaste orige entji kers wat in di lantèrn was angesteek."

Toen ons di saak reg ondersoek had ons skaars nog fer 'n half uur lig.

"Henni, jong! hoe het jy dan gemaak!"—sê Neef Gideon. Ek het fer jou gesê jy mo t orige kërse mebreng."

"Mar, Oom Gideon! ik kan dit ni he'p ni. Ek het 2 orige kërse megebreng. En di het ons al opgebrand. Mar wi het dan kan denk, dat ons di hêle nag hiir in di ellendige gate s'ou deurbreng?"

"Nouwel, Henni! dan moet ons mar fer ons klaar maak om hiir in di donker fan honger en dors om te kom.—Een geluk, ons het tog nog tabak, ons kan dan mar di tyd 'n bitji kort maak met rook. Ons is nou tog moeg. Ons moet nou mar 'n plekki kyk om te lê slaap, en di kërse uit blaas. En dan so nou en dan 'n bitji lig maak fer fertoosting"—was Neef Gideon syn plan.

"A né, Oom Gideon moet ni so praat ni! Ons kan ni hiir slaap op di akelige plek, op di klamme grond en tussen di flêrmuise en geraamtes ni"—sê Henni.

"Mar, Henni, wat wil ons dan maak? Ons moet nou mar op di beste manier siin di tyd om te maak, tot ons ferlos word of fan honger omkom. Want al is daar 'n ander plek waar ons sou kon uitkom, dan kan ons dit tog ni sonder lig opsoek ni."

Ons word nou al almal neerslagtig. Umsalomi sit dood stil op syn hurke, met syn elleboge op syn knie en syn hande onder syn kinnebakke, en gé so nou en dan 'n sware sug. Neef Hendrik het syn pyp angesteek en rook groot groot skuive. Ons kyk toen fer ons elkeen 'n legplek, blaas di lig dood. Elkeen leg eers te pyns, en toen begin ons gesels in di donker.

Metten fal mij 'n gedagte in. "Henni, fra fer Umsalomi, watter lig hulle dan gebruyk as hulle al jar hiir 'n bok kom slag en di hiir kom breng fer di Witte Koningin?"

Daarop had Henni 'n hele gesprek met di tow r dokter, wat soos gewoonlik 'n lange omhaal het, met gebare en omslag. Nog nooit het ons met so 'n spanning gewag op di fertolking fan 'n kaffer syn pratjiis ni. Naderhand sê Henni fer ons: "Hy sê hulle het 'n soort fan lamp, wat hulle daar digte by di ingang in di skeur bere."

"Laat hy dat dan uithaal, kerel"—sê Neef Gideon. En ons almal met Umsalomi same na di plek toe, ja, daar haal hy 'n êrde lamp uit fan 'n wonderlike fatsoen. Dit lyk of dit 'n one offerbak of wirookfat of so iits was. Daarin het hulle 'n soort brandstof, wat lyk nes fet m t was gemeng, en 'n pit daarin. Ons steek dit an. Dit brand wel ni s) helder ni, mar gé tog tamelik lig om by te kan siin.

Ons fat toen nûwe moel—hou weer 'n korte rukki raad, of ons dit nou mar sal waag om di regterhand se gang te fat.

"Dan moet ons mar net gou maak"—sê ek, "en gen o'eblik tyd ferliis ni. Kom! wat sê julle? Sal ons dit waag?"

En eenparig was toen di opini, dat daar tog fer ons gen ander kans o'erbly ni as om dit te perbeer. En kan ons daar ni uit ni, dan kan ons mar hiirnatoe terug kom, en wag op ferlossing, of hiir omkom fan honger.

"Dan moet ons nou di een lantêrn dood maak, en ons mar solank as molik is met een behe'p, om kêrs uit te spaar, en di kafferlamp in reserf hou"—was myn plan. En dadelik gaan ons and' loop, Henni met di lantêrn foerop; Umsalomi (hewel eers huiwerig) agt r hom an, en ons 3 kort agt rna.

Alles het tame'ik goed g gaan tot ons by di ond r-aardse riffsir kom. "Ja mar hiir loop ek ni voor ni!"—sê Henni. "Want ek weet ni hoe diip is di water ni. En ons het ni eens 'n stok om te foel ni. En wi weet watter goed alles in di water in hou, altemit krokodille, en kaimans en di half-lyf-fis-half-lyf-mens gediirte"

Ons maak toen plan om fer fyligheid twé-twé, hand an hand, te loop, om makkaar te kan help as een alte mit gly of struikel o'er glade klippe. Want daar was di stroom fan di water ni al te sterk ni; mar ons kon duidelik 'n entji ferder di water hoor bruis, soos 'n soort fan wateval. Nou ons onderlyf ontbloot, en mar fort.

Neef Hendrik en ek loop foer; agter ons Umsalomi; en Neef Gideon en Henni agteran met di lantêrn, wat di lig forentoe laat skyn. Di ronde klippe in di water was baing glad, en di water fieselik koud, mar gelukkig ni diper as di middel fan ons lyf ni. En di stroom was oek ni so sterk ni; sodat ons, met 'n paar male gly en struikel, tog sonder fal en nat worde deur kom. Myn rol hou ek feral goed fas in myn arm. Ek skat di riffsir 'n 25 of 30 tré breed.

Nadat ons weer ons klêre en stewels angetrek het, gaan ons sonder fersuim weer an. Di gang bly mar nou, en begin nou styl op te klim.

Ni te fér het ons geloop ni, of ons kom weer in 'n

grot of kamer, wat geheel leeg was, en daaruit gaan nog 2 uitgange, buiten di waar ons mé ingekom het. Te lank kon ons ni raad hou ni, en dit sou tog oek niks help ni. Ons neem Henni syn plan en loot, en follens di lot neem ons di linkerhandse gang. Dit was meteen oek na myn gedagte; want ons het fan di o stekant ingekom, en ek had al di tyd di gedagte dat ons moes links weg slinger om in di westekant uit te kom.

Mar ons had skaars 'n 50 tré geloop, tamelik styl opdraand, of ons kom alweer in 'n grot, di grootste en regelmatigste fan fom wat ons nog gekry het. Hiir leg in een hoek enige kopbene en andere béne fan mens-geraantes en daarby di punte fan asgaai en kypbyle, waarfan di hout-stéle heeltemaal afgefrot is.

Henni siin di eerste in 'n skeur in di natuurlike rots 'n yster kissi. Toen ons dit ope breek, want di deksel was fas geroes, kry ons binne'in 'n rol, ni fan perkament ni, mar van di papiir-plant, wat di one Egiptenare gebruik het om op te skrywe, soos hulle dikwils by di gebalsemede lyke (mummiis), in di sténe kiste daar kry, in di onderaardse begraaftplekke.

Ongelukkig was di papiir buitekaut al so verstik en verrot fan di foetige lug, dat dit uitmakkaar wil breek as ons dit wil afrol en 'n mens kon wel siin dat daar iits op geskrywe was, mar di begin is oek al baing dof en op plekke heeltemaal uit.

"Henni! kerel! jy het 'n grote ontdekking gedoen"—sê Neef Hendrik. "Set dit weer in di kissi en neem dit same. Altemit kan dit nog van grote waarde en betekenis wees."

"En dis dan frot, Oom Hendrik"—sê Henni. "Wat sal ek di fullis ferniit same dra? Ek kangkaars myn y'e lyf nog dra. Né, ek wens mar net dat ons uit di elendige plek kan uitkom, en so nooit as nooit gaan ek weer met julle same in di gate onder di grond ni! Ne, ek is gen das of mol ni."

"Ja, Henni, ek frees hulle sal endag nog ons geraantes oek so hiir kry, soos di wat daar in di hoek lê, as hiir ooit weer mense in di onleraards gate inkom"—merk Neef Gideon an.

"Dan sal ek dit meneem"—sê Neef Hendrik, en hy neem di kissi onder syn arm.

"Mar ons kan ni hiir fersuim ni.—Watter pad sal o s nou neem?—Henni, perbeer, fra nog 'n keer fer Umsalomi; want hiir gaan nou ni mind r as 3 paje uit, buiten di wat ons ingekom h-t. Dit lyk of ons al meer in di laborint raak"—was mijn aumerking.

Mar Umsalomi hou mar fol: "hy weet ni; hy was self hiir nog nooit gewees ni." En hy lyk banger as enig een fan ons.

In een hoek van di grot was 'n plek toegemessel; dit het meer gelyk na iits wat hulle daar toegemessel het as na 'n toegemaakte uitgang.

Een fan di 3 uitgange, di westelike, begin somar uit di grot uit op te klim, en ons was almal eens, om alle ferdere ondersoek te staak, en mar di gang te folg. Dit loop al styler en styler op. Dit lijk amper of dit vros'er 'n soort van trappe kon gewees hê. Mar nou

lê dit fol los klippe, wat blykbaar van tijd tot tijd ingefal, of fan bo af ingerol het. Dit was mar regte moeielik om uit te klim o'er di los klippers. Dit gaan mar op hande en foete, en dan half donker met di skemerlig fan een lantern. So nou en dan lê een plat, of skuiwe 'n end agteruit; en dan fal di los klippers so af, dat di agterste gefaar loop om beseer te worde. Mar hoop, gemeng met wanhoop, spoor ons an, en sonder kla span elkeen mar syn laaste kragte in om op te sukkel.

Naderhand kom ons by 'n plek waar di gang 'n draai maak om 'n grote graniitrots, en daar was di gang amper heeltamal toegerol fan los klippers. Daar was toen gen ander raad ni, as een moes een kant staan met di lantern, en di ander moes so hard as hulle kan di los klippers afrol na onder toe, om so te probeer 'n opening te kry na bo'entoe. Neef Gideon het eers beswaar gemaak, dat ons straks ons pad toerol en dan ni sal kan agteruit kom ni. Mar ons had gen een oek 'n gedagte om weer agteruit te sukkel ni. Almal wou mar forentoe, om uit te kom. Myn frees was met di los klippers weg te rol kon ons 'n stroom fan losse klippe fan bo af laat instort, wat ons almal begrawe; of altemit 'n grote klip laat infal wat ons almal ferpletter. Mar ek spreek dit ni uit ni, want ek het tog oek gen ander kans gesiin ni.

Ons gaan dus mar an met klippe afrol, en party kom self af, sodat ons mar moes pad gé. Neef Hendrik syn foet was al beseer deur 'n klip wat daarop gerol het. Mar ons druk mar op, di een harder as di ander. Dit was 'n akelige gedreun, soos di stroom van losse klippers daar afrol in di style gang na onder toe.

“As dit tog nou mar dag was, dar kon ons tog altemit lig siin deurskemer hiir of daar deur 'n klipskeur”—sê Henni.

Toen kry ons fer di eerste keer gedagte om op ons orlosiis te kyk hoe laat dit is. Ongelukkig, ons het almal di gewoonte om saans ons orlosiis op te win, as ons gaan slaap; en dit was di foorlaatste aand mar froeg; en di forige aand met di spanning het gen een daaran gedenk om syn orlosi op te win ni. Al ons orlosiis was dus afge'oop. Neef Gideon syn staan stil op 1 uur; Neef Hendrik syn op half 3; en myne op kwart foor 2. In elk gefal was dit dus al amper dag.

Na di o'eblikke fan versuim gaan ons mar weer an met nuwe moed, en ons kon goed siin dat ons forder, want di klippers rol net maklik af in di stylte. Ons kon 'n koele lugstroom foel afkom deur di opening, wat ons nou kry. Dit was 'n ferkwikking, want ons was al moeg en nat fan di sweet. En dit gé ons weer nuwe moed. Dit duur dan oek ni lank ni of ons kon deur kruip, en ons merk dat ons by 'n opening is, wat uitkom onder 'n grote graniit klip, wat een kant toegemessel is met 'n grote muur.

Dit was 'n freugde. Op hande en foete kruip ons uit, so gou as ons kon (want dis styl nit). Mar di opening is begroei met struike. Ons wou di somar

met di hande weg druk. Mar gou het ons ons abuis uitgefinde; want dis 'n brandnetel fan 'n bos, nes ons brandnetels, mar baing groter, en dit steek geweldig, en waar dit steek breek di doringkii af, en dit brand soos 'n fuur.

Party ruk di messe uit en sny. Party trap di brandnetelbosse plat. Ons het mar ru angegaan; want ons was mar te bly, dat ons ferlos is uit di onderaardse begraafplaas.

Mar nou is ons tussen 'n laberint fan rewines en kranse en bosse, en op di rand fan 'n style afgrond. Waar is ons nou? En hoe kom ons nou ferder hiir uit? Ons raadpleg Umsalomi en hy sê: “Daar is nou fer ons 2 kanse; ons kan of na di oostekant omgaan en daar af (want ons is nou amper bo op di kop), mar dis 'n baing moeilike en gefaarlike foetpad deur di kranse en bosse; of ons kon na di westekant om, dan kom ons gou in di gewone foetpad, wat hulle aldag gebruik; mar dan moet ons by 'n party Kafferstruise ferby, en as hulle fer ons gewaar (feral as hulle fer hom by ons sin), dan sal hulle fer ons almal dood maak.”

Mar ons was almæl rou al te moeg, om nog meer te gaan sukkel, en hoewel hy eers lank teenhou, tog haal ons hom o'er om mar di maklikste pad te neem; en as di kaffers ons mog gewaar en wil anfal, dan sal ons mar ons rewolwers klaar hou.

Ons steek nou di rooi lantern an; dit was oek al ons laaste stukki kers wat ons geber'e het (ons het eers di een lantern en toen di Kafferlamp gebruik); en ons gaan fort. Umsalomi moes di pad wys. Di eerste ruk het dit nog mar met fal en opstaan gegaan deur di rewines, en met meer as een mankeement en kneusing kom ons naderhand in 'n soort fan foetpad. Mar nou moes ons binne 'n 15 tré fan 'n klomp kafferstruise ferby. Ons loop nou so sutjiis as ons kan. Tog begin 'n hond te blaf, mar gelukkig, gen kaffer kom uit ni.

Yndelik kom ons in di ope foetpad. Di hoenders kraai al in di kraal op di kop, en di dagster was al uit. So gou molik loop ons met di style foetpad di berg af, en toen ons by di wa kom breek di dag al an. Mar ons was te moeg om nog e'ige plan of beskikking te maak. Binne 5 minute was almal fas in di slaap; ek met di rol langes my in di wa; en ons droom fan wonderbare ontdekkings, skrikkelike lewensgefare, ferborge skatte en wat ni al.

Di son was al 'n hele and op toen ek wakker word. Klaas had al koffi gemaak. Umsalomi spring onder di wa uit di hoge gras uit, soos ek afklim. Neef Hendrik lê nog diip onder syn velkombérs. Di eerste neem ek 'n grassatji en kittel onder Henni syn neus (hy is so skrikkerig). Hy spring op, kyk my ferbaas met 2 grote oge an, en sê: “'n Mens lê nog en droom fan al di akelighyd, en Meneer du Toit het alweer lus om te speul!”

Meneer Fry syn Kaffer kom toen net daar an, en bre g ons 'n hottel melk, 'n dosyn y'ers, 'n paar hoen-

ders, en 'n brifi fan syn baas, dat hij straks fer ons sal kom besoek. Ek stuur 'n brifi van dank terug en wek Neef Gidion en Neef Hendrik. Terwijl ons koffi drink maak ons plan, om niks te fertel fan ons onderfinding en waarnemings ni, mar net met Meneer Fry af te spreek, dat ons Umsalomi onder ons beskerming sal hou, en an hom te fertel dat Umgabe hom laat uitruik het en wil laat dood maak.^a En ons laat dit fer Umsalomi oek tolk.

Terwijl hulle nog was en een en ander reg maak, neem ek gou 'n paar port'ette fan di perkamentrol af, eers di koker fan buite, en toen di letters op di ope rol. Toen steek ek di rol weg in di wa, en Neef Hendrik di kissi oek. Daarna maak Henni fer ons 'n stukki agtuurkos klaar, en Neef Hendrik en ek fat e'keen 'n geweer, en gaan in di feld loop, net of ons gaan jag.

Mar ons loop was in di rigting soos ons di forige aand gegaan het na di ingang toe. Ons was te nuusgirig om te siin hoe di opening toegemaak is. Ons was dan oek ni fêr fan di wa af ni, of ons siin troppe fé in di rigting, met wagers daarby.

Dis di eerste wat ons suspisi opwek. Di fé het di voetpad so getrap, dat daar gen spoor fan ons meer te siin was ni. As ons dus daar in di grot moes blij sit hê, op di hoop dat Klaas ons *spore* sou kon hou, om Fry op di plek te bring, dan kon ons oek mar seker wees, dat ons nooit nitgekome was ni. Di héle omtrek was

so plat getrap, dat ons self ni weer di ingang kon kry ni. Dit was dus fer ons duidelik, dat di kaffers fer ons di forige aand afgespioeneer het, en nadat hulle di ingang toegemaak het, opsettelik al hulle fé in di rigting gedrywe het, dat gen spoor fan ons of fan di ingang moes sigbaar wees ni.

Ons gaan toen terug, en terwyl ons 'n stukki eet, kom Meneer Fry daar sit te gezels. Ons fertel hom toen di geskiedenis fan Umsalomi, en dat ons plan is om hom by ons te hou fer padwyzer, wat hy folkome goedkeur. Terwyl ons nog sit te praat kom daar 2 indunas (raadsmanne) fan Umgabe, en kom fra: watter reg ons het om fer Umsalomi daar by ons te hou, en hulle ys hom op. Mar Meneer Fry kom toen tussenbye en sé: Hy het syn toestemming gegé dat Umsalomi by ons kan bly, en ons sal hom ni opgé ni. Daarop gaan di 2 indunas weg.

Ons wou toen di kop gaan kyk, mar om alle onan-genaamhyd met di Kaffers te voorkom, frag ons Meneer Fry om mé te gaan, wat hy met alle plesiiir doen. Met opklim laat ons hom en Neef Hendrik foor loop, en Neef Gideon en ek maak toen plan, hoe ons dit nou sal o'erlê om te ontsyfer wat op di rol staan; want ons wou dit graag weet foor ons weg gaan. Altemit kan dit nog belangrike anwysings en ontdekkings befat.

Ons kom toen tot di follende besluit:—Eerw. Louw en Juffer Louw sou di dag by ons kom kuier. Dan



KAFFERKRAAL BO OP DI KOP BY SIMBABWE.

sou ek sê, ek wil graag fer hulle met di sendingst-si afneem, en dan sou ek di rol same met myn toestel inpak, en di aand sou ek hom fra om in syn studeer-kamer te slaap, omdat ek meteen 'n hele boel skryf-werk di nag wou doen. Hy sal wel 'n Hebreuse woordeboek hê en molik Gesenius syn Hebreuse taal-kunde oek, waarin di oue Hebreuse letters voorkom. En dan sou ek di na? daaran beste om te ontsyfer wat op di rol stan.

Meneer Fry gaan toen met ons mé rond deur di oue rewines en skanse op di kop. Toen siin ons an di suidwestekant, waar ons di nag uitgekom het. En toen rys ons hare eers op ons kop, toen ons siin op watter gevaarlike plck ons uitgekom het bo 'n grote afgroei. Mar ons laat fer hom niks daarfan werk ni.

Ons kon toen siin hoe daar vroe'r 'n uitgang moes gewees hê, wat deur di instort fan di buitemuur toen toegerol is fan di losse graniitklippe, wat fas gedam het op di draai by di grote klip, waar ons di pad moes ope rol. Mar ons siin nou meteen wat 'n gevaar daar was, dat met di skudding fer 'ere stukke fan di ferskrikkelike oue mure, wat reeds and' weg krummel is, op ons kon ingestort hê. Imand wat dan oek fan bo dit bekyk, sal nooit kan denk dat daar in di stylte, tussen di rewies en losse klippe, mense uitgekom het ni.

Di Kaffers bly stil in hulle struise toen ons deur hulle kraal loop bo op di kop, terwyl ek nog enige portrette neem fan di skilderagtige tonele, waar di struise bo op di graniitklippe tussen di grote bome sit.

Mar ons het so gou as molik is mar weer terug gekom; want ons foel almal mar nog moeg fan di forige nag. Meneer Fry het ons nog enige wassinge gewys fan di grond, wat hulle foor di grote ronde gebou uitgehaal het, en waaruit 'n hele party fyn goud in ruwe staat, sowel as bewerkte goue fersiersels te f'orskyu kom. Teen di middag gaan hy weg, en dit het oek ni lank geduur ni of ons was almal weer fas in di slaap.

Toen ons wakker word sit Eerw. en juffer Louw daar by di wa. Hulle was te foet gekom en had 'n Kaffer megebring met 'n grote sak groente, wat ons 'n hele ferkwikking was. En na 'n aangename gesprek besluit ons, dat ek met hulle sal megaan, soos di plan was. En heel gon was myn afneem-toestel ingepak, en di rol daarby. Di kaffer dra dit, en ons gaan so vroeg terug, dat ek nog di sendingstasi met di famili kon afneem.

Hoe frindelik hulle oek was, en hoe lekker ons di aand oek nog gesels, tog fraag ek om mar vroeg na di studeerkamer te gaan, waar ek eers myn skryfwerk sou doen en dan sou slaap.

Nag gesê. Deur gesluit. Nou sou ek an di werk gaan om myn nuwegirigheid te befredig, want myn geduld was al uitgeput. Di eerste kyk ek, ja, daar is Gesenius syn Hebreuse Taalkunde en Woordeboek. Nou mag an di werk. Woord ver woord moes ek eers in

nuwe Hebreuse letters skrywe en dan opsoek in di woordeboek. Mar ek sal di leser nou ni fermoei met di gesukkel ni 'n Mens wat mar gewoon Hebreus geleer h t kan ni so makkelik di taal sonder di klanktekens lees ni, en dan nog in di oue letters. Fol-lende keer gé ek myn ontsyfering en fertaling daarfan.



KOMMADANT P. A. CRONJE,

Kommandant fer Potchefstroom in ferskillende oorloges;—Generaal in di Vryheids-oorlog teen di Engelse;—di O'erwinnaar van Koranna, Kaffer en Brit.—*Di eerste en enigste Afrikaner an wi syn Foete di Engelse nou al twe male hulle wapens moes neerlê.*

Di Massou Oorlog, 1885.*

(DEUR KOMM. P. A. CRONJE).

IK, PIETER ARNOLDUS CRONJE, Kommandant ver di distrik Potchefstroom, kryg in di maand November, 1885, bevel om dadelik 300 burgers op te roep en met di meeste spoel af te tre' na Mamoesa; en daar di Kommandant-Generaal reeds daar was, en

* Ons gé di verslag van Kommandant Cronje letterlik, net in Afrikaans geset. David Massou Riet Taabos, was di laaste Koranna Kaptyn. Dis een van di slage waar Komm. Cronje grote persoonlike dapperhyd getoon het. Hy was tussen di vyand, midde in di hoofstal, toen di vuur los breek, en daar di Korannas hom goed geken het, is dit duisend wonder dat hy daar lewendig uitgekom het.—Redaksi O. K.

ek 'n onrus in myn hart had, voldoen ek, en trek ek so hard ek mar kan, en ontmoet di Generaal 3 uur te pèrd an dese kant van genoemde plek, en di Generaal vertel my alles wat gebeur was, hoe ongehoorsaam Massou was, en ni voor hom wil verskyn ni, hoewel hy hom al 4 male daartoe opgeroep het, en hoe dat Massou alles doen wat mol k is om hom te terg, mar dat hy (di Generaal) hom nou nog 36 uur sal tyd gé, en as hy dan ni verskyn om verantwoording te doen op di beskuldigings teen hom ni, dan sou hy verdere stappe neem.

Daar was 9 punte van beskuldiging, almal ewe swaar. Di Generaal stuur toen di bootskap, en syn antwoord was: "Myn Raad sit nou ni, mar as hulle sit, dan sal ek hoor wat jy te sé het." Di tyd verloop en ek kry order om nader te trek. Ek trek vort en ek kry di vollende nag weer order om sekere plekke na an di stad in besit te neem, same wat di Kommandant van di Artilleri, Henning Pretorius. Mar hy daag ni op ni, en ek moes di genoemde plekke alleen in neem.

Dit geluk my om di plekke in besit te neem sonder een skoot te skiet. Toen kom al di offisire bymakaar, en na beraad besluit ons om eers al di ander Kaffers en Koeranders rondom te laat ontwapen, en dan met di hoofstad te werk.

Ons stuur Kom. J. de la Rey, van Ligtenburg, met 150 man om dit uit te voer, wat oek spoedig verrig was.

Di vollende mor'e kom di Kommandant-Generaal na myn lager en versoek my en al di anwesige offisire, om met hom an di ooste kant van di stad af te ry, om dit van di kant te b siin. Ons gaan met hom en di vyand toon duidelik wat hulle plan was. Di terryn was bo rotsagtig en hulle kom tot op 50 tré met hulle wapens, mar ons gaan verby net of ons hulle ni merk ni, en toen ons by di lager van Komm. De Beer, van Bloemhof, kom, sé di Generaal, dat ons 'n Krygsraad moet hou. Di offisiire word bymakaar geroep, en di Raad besluit dat di lager van Komm. De Beer moes nader trek, om di vollende dag met opkom van di son di brutale spul te ontwapen. Komm. De Beer had beswaar, as hy syn lager opbreek, dat di vyand hom sou storm loop. Ik beloof hom om met 150 burgers uit te trek en hom te help as dit nodig word.

De Beer trek uit en di vyand vlug almal na di hoofstad. Di vollende morre met opkom van di son laat ek myn burgers opsaal en stuur dadelik myn Adjudant na di Generaal om hom te sé, dat ek gereed was om di besluit van di Krygsraad uit te voer.

Di Adjudant kom terug en bring berig, dat di brutale spul gevlug het, en dat ek 25 man na di noordekant van di stad moes stuur om spoor te soek, en dat ek al di voetpaaie moes beset om di vyand van di water te hou. Komm. De la Rey kom toen oek by my. Ek ge dadelik order en A. O. V. Visser gaan noord met 25 man. Di vyand vlug uit di skanse en ons neem dit in. Hulle laat di pèrde onder di kop staan en gaan te voet vort.

Ek siin di vyand naby di burgers en jaag met spoed en gé gedurig orders ni so dig bymakaar te loop ni. Ek kom toen op di voerpunt van di burgers en sé an di Koeranders, wat op 6 tre'e afstand was, om di wapens n'er te lê. Hulle vloek en sé dat hulle hulle wapens ni sou neerlê ni.

Di eerste skoot was reeds by De la Rey syn kant geval. Ek sé an Veldkornet Cronjé: "Daar is niks meer te doen ni, daar di vuur reeds brand." Een van hulle swaai syn geweer na my, mar met di skilike draai van myn pèrd kry myn pèrd di skoot. Di twède skoot raak Veldkornet Cronjé syn geweer; di derde skoot trof myn pèrd in di nek. Dit was nou 'n hewige geveg. Veldkornet Cronjé gaan voor met di burgers en ek kom agter an. Ons dryf di vyand gou in 'n verst-rkte skaans, waar dit onmolik was om hulle spoedig uit te haal, mar di vollende dag om 3 uur het ons hulle daar uit gedryf. Dit was akelig om al di dooie en gewonde te siin. Di burgers het goed geveg en di Koeranders hyna vernitig. Di Kaptyn Massou was oek onder hulle dooie, en di Kaptyn van di Artilleri onder ons gesaunwede.

Julle vrind,

P. A. CRONJÉ,

Komm., Potchefstroom.

Di Klaagliid van di laaste Boesman.

Ag! arme ek, wat sal ek nou begin?

Ek 's van verdriit al half af van myn sin,

Myn hele nasi 's uitgeroei,

Ek is di laaste een.

Daar 's geen gena en geen barmhartigheid.

Geweteloos en sonder eerlikheid,

Het ons di Duusman uitgeroei;

Ag! ek is sat geween.

Myn hart smelt weg, myn ganse liggaam beef,

As ek bedink hoe lekker ons 't geleeft

Voordat di wréde duwelsgoed

Ons land het ingekom;

Mar hulle het 'n donkre onweerswolk

Gebring o'er ons en ower land en volk,

Hal hand is rooi van al ons bloed;

O GóD! né, ek word stom.

Ons was di beste, ons was di eélste ras

Van mense, wat ooit hiir in di land in was;

Di nasiis was ver ons net bang,

En durf hul dit ooit waag

Om te probeer om met ons te bakly,

Al moes ons dan oek baing mal hard stry,

Of duur di oorlog somtyds lang,

Hul kry di onderlaag.

En is di oorlog dan na 'n harde stryd

Verby, dan ken ons niks as vrotlikheid,

Ons weet van niks as net plesuur

En grappe heel dag deur;

Mar dit is alles nou verdwyn ;
 Ons yude was verdriet en smart en pyn,
 Ek is vandag alleen nog hiir
 Om alles te betreur.

Myn vrou is dood en al my kinders saam,
 O ! Duusman, Duusman ! sal jy jou ni skaam ?
 Myn vrou was my 'n goue kroon ;
 Myn kinders kosbre pèrls.

Myn ma en ta, mijn boetiis klyn en groot,
 Is almal al 'n prooi van boer syn lood :
 'n Bitt're dood, dit was di loon
 Van al di brawe kêrls.

Dis nog ni al, mar waar is al di wild
 En ongediirtes van ons suid land mild ?
 Kameelpêrd, kwagga en di gnoe,
 Di buffel en di eland,
 Di dodo, hartbees en di vet sêkoei,
 Is almal nou verjaag of nitgeroei,
 Renosterbok, en di koedoe,
 En ok di olifant.

Ons bome en bos, waar ons so trots op was,
 Is weg, jy siin nou net karro en harde gras.
 Daar op di vlak waar ons vamlêe
 Geskiit het di vo'elstruis ;
 Waar wild van alle soorte het gewy,
 En ons hul vang of onder gifpyl kry,
 Daar loop nou net di Duusman's vé,
 En daar staan nou syn huis.

Hoe baing, as ons van di jag di aand
 Terug kom met 'n vet vo'elstruis of eland,
 Hoe vrolik is di kinders dan !
 Dis niks as sing en dans !
 'n Jong Boesman syn eerste wild se vlees
 Is oorsaak van 'n grote vreugdefees ;
 Di mytjiis dans dan wat hul kan,
 Daar onder boom of krans.

Waar is di plesirige jenge myde nou ?
 So vris en fiir, met fraaie liggaamsbou,
 Met hul fraaie swarte ogiis,
 En stemmetjiis so sag
 En liif, dat hul di jongvolk daarmê to'er ?
 Hul 's weg, di mooie mysiis, wreed vermoor.
 Waar 's di kinders met hul bogiis
 Wat om ons speel en lag ?

Hiir op di skone berge het ons vry
 Geswerwe, met ons vROUTJIIS AN ON'S SY,
 In vreugde en in genot
 Van Gods ryke natuur,
 Mar al di da'e is nou ver ons yerby,
 En ek is di laaste wat het o'ergely,
 Om op di berg te ween ons lot
 In d' stille awent' uur.

Ons volk is wel door jul glad uitgeroei,
 Jul 't nou ons land, waar eertyds heuning vloei,
 Mar kyk di land is niks meer wêrd.
 Daar 's niks as plaag op plaag.
 Di sprinkhaan, droogte, rispes, word al meer ;
 Di siiktes wat jul vé en self verteer.
 Di sal jul oek verjaag !

Ja, Duusman, jy het wel ons land ontvreem,
 Mar tog ons eer kon jy ons nooit ontnem.
 Gen enkel man was ooit jou slaaf ;
 Want vryhyd was ons leus.

Ons eergevoel en adel was te groot,
 Ons sterf so liif di gruwelikste dood
 Voor dat ons ooit di knog of slaaf
 Van 'n ander volk sou wees.

Di Kaffer en di Hottentot het jy
 Gou tot jou kneg en onder jou gekry ;
 Mar Boesman het syn eer behou ;
 Dog, waarom meer geseg ?
 Jy sal o, ja ver di onskuldig bloed
 Gewis en seker éénmaal swaar moet boef.
 Daar stroom di Grootrivier, en nou
 Neem hy my sé toe weg !

M. H. NERER.

[Dis fluks, van di *Boesman* syn standpunt, mar wi sal nou di *Duusman* syn standpunt verdedig in 'n gedig, as antwoord hiir op?—RED., O. K.]

Rijke Mense.

DI ROTHSCHILDS.

DAAR is seker ni 'n woord ni, wat je so kan rek of inkrimp as di woord "rijk." Ons was fro'er gewoon 'n man ryk te noem as hy 'n plaas had, wat onblas was, en 'n goeie trop vé, met 'n klompi geld in 'n grote kous of velknapsakki ; nou is dit verander. Ons land het di ongeluk nou, om 'n stuk of wat millionêrs te hê, en as jy nou ni jou ponde by honderduis-n 'e kan tel ni, dan is jy mar arm. Millioenêrs is daar egter mar baing min, en dit is 'n se'en ook.

Millioenêr te word is ni 'n gemaklike saak ni en daarom sal dit ni onbelangrik wees om fan 'n paar mense te fertel hoe hulle so ryk geworde is.

As ons dit kan doen fan di Suid Afrikaanse ryk kêrels, dan sou dit dubbel belangrik wees ; en ek is seker, as ek mooi kon uitleg hoe meneer Rhodes of meneer Robinson of Barnato of Beit e'entlik an hulle geld g.kom is, di nommer fan *Ons Klyntji* seker ni ongelees sou bly ni. Dit kan ek nou ni doen ni ; en wil dan mar hoop dat hulle geld hulle gewete ni te feel pla ni.

Fan enkele mense is dit bekend geworde, en dit is wel mooi om het te lees, hoe di grote kapitaliste so ryk geworde is.

Ek begin met di Rothschilds. Byna ider mens het fan di ryke Jode gehoor ; hulle naam is di wêreld o'er bekend ; hulle is in waarhyd geld-konings. Mar dit moet opgemerk worde, dat as o'er di Rothschilds gepraat of geskryf word, nimanid hulle fan skelmery beskuldig ni. Hulle eerlikheid is net so wel as hulle rykdom o'eral bekend.

Hiir o'er sal party mense hulle ferwonder, want Jood en eerlik word gewoonlik as twe verskillende sake beskou. Ek moet e'ter sé, dat onder di klyn getal eerlike mense, wat ek in myn léwe ontmoet het, (en ek is oek ni so jong meer ni), persentsgewys seker net so feul Jode was as kristene. Dit tusse bye.

Di Rothschilds is fan oorsprong Duitse Jode. In Frankfort het in di forige eeu 'n sekere Amschel Mozes gewoon, wat syn kos ferdien het met di koop en ferkoop fan oudhede, mooie medaljes en sulke goed, ons sou sê en klyne goud-smous. Di huis waarin hy gewoon het, het na di gewoonte van di tyd 'n soort fan téken gehad, en dit was 'n rooi skild bowe di deur, van daar hulle naam van Rothschild.

Ou Amschel begin al so stadig geld te maak, dog ni te feul ni. In 1743 werd klyn Amschel gebore, gewoonlik Mayer Amschel genoem. Daar hy fluks was om te leer wou syn fader 'n rabbyn fan hom maak, mar Mayer wou hom liwers met di tydelike as met di geestelike dinge inlaat. Di Mayer is di grondlegger van di rykdom van di Rothschilds.

By syn fader het hy al jong di kennis fan oudhede en medaljes opgedoen, en op di manier is hy in kennis gekom met ansiinlike mense. Hy kryg 'n plek by 'n bank van 'n andere ryke Jood en begin toen te werk.

Weldra het hy 'n klyne handeltji in oudhede opgesit en dit duur ni lank ni, of di klyne handel word groot.

Di handel in oudhede is sowat di skelmste handel wat daar is. Fan di honderd mense wat sulke goed koop om hulle huise te versier, is daar miskiin mar 'n halwe wat daar verstand fan het, en daarom het di ferkopers sulke pragtige kanse om te bedriig. 'n Man koop miskiin 'n skildery, wat mar 'n paar shillings wêrd is fer honderde ponde, omdat hy oud is; terwyl di skildery pas 'n paar weke te fore gemaak is, toen in di rook gehang en met allerhande kunste 'n oue gedaante gekry het. Meyer het hom met di spulletjiis ni opgehou ni, en daarom, omdat hy so folkome te fertrou was, kryg hy so 'n grote klandisi.

Later kom hy in kennis met di Fors Willem IX, landgraaf fan Hessen, een fan di klyne statjiis fan Duitsland. Di fors leef grotendeels van mense flees. Ni dat hy syn onderdane slag en opeet ni, mar hy maak fer hulle soldate en ferkoop fer hulle an Engeland en andere mo'endhede. Toen nou di grote omwenteling uitbreek en Napoleon baas in Frankryk word, moes hy flug, en daar hy Mayer het geken, het hy al syn geld stilletjes an Mayer gegé om te bewaar.

Di stori is, dat Mayer di geld in syn tuin begrawe het, en syn eie huis het laat plunder. Di stori is egter ni waar ni. Mayer was feel te oorlam om dit te doen. Toen di Franse ankóm, het hy stilletjiis syn seun Nathan met di geld na Engeland gestuur.

Toen di landgraaf ferneem, dat syn geld in Engeland fylig was, het hy gedenk ni beter te kan doen ni, as dit mar by Mayer te laat, en hom daarmé te laat werk.

Daar was toen kans genoeg fer 'n geldman om wat te ferdiin. Di Engelse Regering moes baing geld na Spanje stuur, om di soldate onder Wellington te betaal. Mayer neem an om di sake te behartig, en ferdiin toen een miljoen.

In 1812 sterf Mayer. Foor dat hy dood gaan, roep hy syn 5 seuns by mekaar en laat hulle beloof, om Jood

te bly, saam hulle sake te doen, en niks te doen ni sonder hulle ma te raadpleeg. "As julle so maak, seg hy, sal julle di rykste onder di ryke worde en di wêreld sal an julle toebehoor."

Na syn dood het di 5 seuns bly samenwerk. Nathan het in Londen gebly; di andere gaan na Weenen, Napels en Parys, so kon hulle mekaar help.

Nathan was di slimste fan di broers. Binne 5 jaar het hy 2500 maal syn kapitaal verdubbel. Omdat daar toen nog gen telegraafs was ni, het hy 'n hêle vereniging van koeriers of rapportbrengers daar op narehou, enorme somme het hy besté an posduine.

In 1815, na di slag van Waterloo, het hy syn grootste slag gemaak. Hy was self op di slagveld. Sodra hy siin dat di slag deur Napoleon ferloor was, jaag hy weg. Hy en syn swa'er huur toen 'n fisser-skuit, hoewel daar 'n sware storm was, en gaan na Engeland. Hulle moes 'n baing grote som betaal en hulle léwe waag, mar di kans om geld te maak was te mooi.

Hulle kom fylig in Engeland an, en di follende dag is hulle op di beurs. Hy siin daar baing sleg uit en di mense denk, dat hy baing slegte tydings gekry het. Di skuldbriwe van di Regering daal fréselyk in prys; tog is daar mense wat opkoop.

Di follende dag kom di saak uit. Di tyding kom dat Napoleon ferloor het, en di skuldbriwe rys in eens. Nathan het stilletjiis laat opkoop en di slag het hy 'n millioen ferdiin.

Ek sal nou ni ferhaal hoe hy toen ferder geld gemaak het ni; want as 'n man eers 'n paar miljoen het, kom dit fan self, ten minste so word geseg.

Toen di Rothschilds so ryk word was daar ni gebrek an mense wat hulle beny. Di Bank fan Engeland self begin jaloers te worde, en maak 'n plan om Rothschild te'en te werk.

Eens op 'n dag wyger di Bank 'n wissel te ferdiskonteer van Rothschild uit Fankfort, ten gunste van Rothschild in Londen. "Ons diskonteer net ons eie papier, ni di fan partikulire mense ni,"—geef di direktour ten antwoord, toen di rede gevraag word.

"Wel, ek sal fer hulle wys watter partikulire ons is," seg Nathan toen.

Dri weke later kom hy self foor een fan di hokkiis fan di bank en presenteer 'n banknoot fan £5 en vraag daarfoor goud. Di klerk was skoon ferwonder, dat Rothschild self fer-so 'n klynighyd kom en betaal hom uit. Bedaar kyk Rothschild di geld na, steek dit in syn sak en haal 'n ander banknoot uit. So hou hy an, 'n derde, vierde, fyfde banknoot word stadig uitgehaal en goud foor gevraag. Ni korter ni as 7 uur hou hy an, en het toen £29,000 ontfang.

Terwyl hy by di een hokkiis staan, staan 9 van syn klerke by di 9 andere hokkiis diselfde te doen. Nimand kon hulle wegjaag, mar oek nimand anders kon by di hokkiis kom ni. Toen di Bank sluit het Rothschild en syn klerke £210,000 uitgehaal.

Di agtermiddag op di beurs word di ding as 'n grap fertel, en di Bank direktoure spot met di ydele poging om di Bank kwaad te doen.

De follende mor'e net toen di Bank opgaan is Rothschild en syn 9 klerke weer daar, en diselfde spulletji gaan weer an. Di héle werk van di Bank loop in di war. Di héle dag hou Rothschild an met banknote fer goud in te wissel.

In di agt middag hoor di Bank direkteure, dat Rothschild genoeg banknote het om ten minste twé maande so an te hou, 11 miljoen an banknote was in syn besit!

Hoe hard dit oek was fir di hoogmoedige Engelse om fer 'n Jood in te gé, daar was ni help an ni. Hulle laat Nathan weet, dat hulle syn papier sal anneem, en daarop het hy en syn klerke thuis gebly.

Hoe ryk Nathan oek was, gelukkig was hy ni, en dit kan miskiin fer ons wat gen kans het om miljoeners te worde, 'n bitji te frede maak. Ider keer kryg hy 'n drygbrief, dat hy sal doodgeskiit worde, as hy ni sofeul of sofeul geld betaal i. Hy slaap nooit anders as met 'n gelaaide pistool by hom.

Een dar was daar 'n grap. Twe mense word in syn kantoor toegelaat, wat fer hom wil sien. Hy wenk hulle om te gaan sit, mar hulle lyk 'n bitji bang om dit te doen. Toen hulle yndelik sit, kyk hulle mekaar an, en een soek in syn sak na iits. Rothschild begin lang te worde. Hy denk dat di e n 'n pistool of 'n mes uit syn sak wil haal. Skilik spring hy op, fat 'n dik kantoorboek en slaan di twé mense op hulle hoofde, sodat hulle onderstebowe op di grond fal. Toen di bediundes inkom find hulle uit, dat di twé mense twé ansiinlike bankiirs was, wat mar net 'n bitji bang was om met Rothschild te praat. Rothschild maak toen baing ekskuse, mar di kerels kom tog met bebloede koppe thuis.

J. L. C.

Di Jameson Anfal.*

(BEKROONDE OPSTEL).

Maandag, Dec. 30.

ALLE dinge was nou gereed: 650 man byme-kaar; wa'ens genoeg; pèrde genoeg; skiet-goet genoeg; kos folop. Fan Pitsani af trek hulle in. Di beste plan is nou eers na Ottoshoop (Malmani), om daar di telegraafdraad af te sny. Froeg di oggend kom hulle daar an, klop di posmeester

* Op di eerste Pryspraag is 5 opstelle ingekom. Di follende het di prijs gekry Meneer Pienaar moet nou assebliif fer ons syn folle adres stuur en skrywe of hy syn prys in geld of in boeke wil hê; wil hy boeke hê, sal ons fer hom lyste fan ons boeke stuur om uit te soek.

N.B.—Party insenders het blykbaar onder 'n misferstand ferkeer wat di grote fan di opstel aagaan: hulle het g'o gedenk dit meen 2 bladsye papier fol geskrywe, terwyl dit meen 2 bladsyde fan *Ons Klyntji*. Ferdere insenders moet daarop let.—RED. O. K.

op, en ge hom kennis, dat di "lang-tong" moet afgeknip wort. Di raad loop fan Ottoshoop na Zeernust in di Mariko distrik. Mar di intog was al in Pretoria bekend, want diselfde Maandag het Generaal Joubert na Rustenburg 'n telegram ges tuur, dat di Engelse an di kom was. Kommandant Malan fan Rustenburg kon ni gou by di hand wees ni, hy woon 'n bitji fêr fan di dorp. Mar hy was in di dorp met omtrent 40 man op

Dinsdag, Dec. 31.

Dr. Jameson was nou al reeds foór, mar hy het gelukkig 'n bitji na di linker of suid-ooste kant toe weg geslinger, sodat Malan hom kon foór kom. En Malan keel hom toen ok kort duskant Krugersdorp by, wat hulle noem di "Queen's Battery," of Ottos Koppi, en op

Woensdag, Jan. 1,

wes daar by Ottos Koppi bymakaar omtrent 3,000 tré van di fyand:

Kommandant Malan (Rustenburg)	met omtrent 150 man
" Cronje (Potchefstroom)	" 160 "
" Potgieter "	" 90 "
Feldkornet Bodenstein (Krugersdorp)	" 90 "

Same ... 460 "

Willoughby laat toen fer Malan weet, dat hy di vrouens en kinders uit Krugersdorp moet uit stuur, want di Engelse sal net nou daar deur trek en in gefal fan teenstand net alles plat skiet. Mar Malan het al syn ple't ingeneem op Ottos Koppi. An syn rechter kant was Cronje en Bodenstein, an syn linker kant Potgieter, almal goet gebêre tussen di klippe.

Omtrent 3 uur toen begin Jameson te fuur op Malan se manne. Di eerste skoot was te kort, di twéde was heeltamal fêr o'erheen en fal dig by een fan di bnitehuse fan Krugersdorp. Di derde skoot was tamelik tussen di Boere, waar hul'e gestaan het om hulle skietgoet te ontvang. Toen di bom bars was aar 18 Boere onderstebowe, mar net bedwelmt, party fan di huise fan di Battery was liderlik fol gáte geskiet deur di bom. Hier sien ons di hand fan God; di ko'els gaan in di huis, mar ni in di Boere ni. 'n Bitji later gé Jameson toen befel om di Koppi te bestorm en Malan se manne daaruit te ja. Malan het fer syn manne gesê om ni te skiet ni foor dat di Engelse eers 150 tré was; want dan sou di Maxims op hou skiet. Mar di Boere kon ni meer wag ni, net toen di Engelse by di Spruit, wat tussen in was, kom, omtrent nog 700 tré fêr, brand hulle los. En hulle skiet daar by di Spruit omtrent 6 Engelse dood, won 'n heel party, en ook 'n heel boel pèrde dood. Di Engelse draai toen ook weer net haastig om na di ander toe, so dat hulle yentlik een fan hulle Maxims laat agter bly. Naderhand maak hulle toen weer 'n twéde anfal op 'n klompi manne, wat dig by Meneer Du Toit se huis was. Fan di Engelse het ni weer een man terug gekeer ni: perty dood; perty gewond; perty gevang. Dit was hier waar Jacobs na een fan

Jameson se manne gegaan het (om hom te help); hy het gedenk di Engelsman was gekwes. Mar net toen hy dig by was skiet di ellendige f ybuiters di goethar tige, edelmoedige Jacobs dood. Mar 'u ander Boer het gesorg dat di Engelsman same met Jacobs di ewigheit ingegaan het.

Di gefeg by Ottos Koppi het geduur tot omtrent 6 uur di agtermiddag. Jameson sit nou af na Randfontyn se kant toe, om te sien of hy ni op 'n ander manier op Johannesburg kon kom ni, al was dit dan ok mar by Palestina om

Di Woensdag aand slaap di Engelse hy 'n pyn water, an di Ooste kant fan di Spoorweg, tussen Klerksdorp en Krugersdorp. Deuskant di lyn was 'n party fan Potchefstroom en Klerksdorp se manne om voor te lê, onder Douthwaite en Fouché. Malan, Cronje en Potgieter di bly mar nog so 'n bitji ho'er op, tussen di Engelse en Krugersdorp.

Elke mal di nag was daar 'n skitery, dan di Engelse, dan di Boere. Eenmal het di Engelse di Boere by di lyn bestorm. Mar di Boere het hulle trug geskiet en omtrent 3 manne en 7 pèrde fan hulle dood geskiet. Dit is freselik om te sien hier hoe di Engelse di walle fan di Spoorweg waar agter di Boere gelê het, mit di Maxims geskiet het. Mar di Boere was fylig. Dit was ok hier dat di Boere 3 fan hulle manne uitg stuur het om te spioen. En naderhand toen di 3 kêrels weer by di kamp fan di Boere f'rby kom o'er di lyn, toen skiet hulle y'e manne op hulle. Hulle wond klien Cronje, seun fan di Kommandant, en skiet Andries Potgieter op di plek dood. Di Engelse het ok di selde tyd geskiet, en dit kan wees dat hulle Cronje gewond het, mar Potgieter het di skoot fan di Boere se kant gekry.

Jameson was nou 'n bitji la'er af getrek en o'er di lyn gekom. Waar hulle di nag geslaap het, het di Boere di ander dag gekry, 17 pèrde hulle opgesaal, 15 kaste met skietgoed, 'n paar manne dood, 'n heel boel flysblikke, en bottels folop. Kommandant Cronje het nou syn ou plek ferlaat en probeer toen net om di Engelse fan skuins af op te skiet, of soos hulle sê in di flank an te fal. Froeg

Donderdag, Jan. 2

was Jameson dig by Luipaardsfle. Hier het di Boere weer hard gefeg, 17 pèrde fan di Engelse dood geskiet en 'n kar fol skietgoed afgeneem. Jameson se plan was om met 'n ou pat fan Potchefstroom na Johannesburg te gaan. Daarom wil hy nou, na Cronje syn manne hom trug geja het, tussen Flakfontyn en Doornkop deur trek met di ou pat. Hulle sit toen af na 'n koppie toe. Regs fan di koppie af was 'n ander koppie, waar omtrent 180 man was. Tussen di twee pertye was daar omtrent 60 man in 'n kloof.

Kapt. Coventry bestorm toen di klyn klompi Boere met di doel om hulle heeltemal te verpletter. Hy het di Maxims so freslik laat skiet, dat di klippe (gelukkig was daar rotse), waar agter di Boere gelê het, meer na stukke lood lyk as na klippe, soos hulle o'er trek was

fan di loot. Dit was ook hier dat MacDonald 'n koel, wat weggeskram het, deur di kop gekry het. Mar di Boere skiet di Engelse trug en hulle sit nou af tot dig by di woonhuis fan Flakfontyn.

Jameson laat toen di kanonne almal reg sit en hou di Boere so fêr as hy kan, Di enigste Boere wat iets kon doen was di 180 man op di koppie 'n di 60 in di kloof. Di 180 was ok nog mar baing fêr af—omtrent 1,000 tré. Mar di wat kon skiet hou di kanonne só skoon dat Jameson ni feel kon uitryg ni.

Di Boere het gen kanon gehad ni, en toen di kanonne tog gelukkig ankom, en net een of twee skote kon skiet, toen steek Jameson di Wit Flag op, in di form van 'n foorskoot. Dat Jameson di foorskoot fan 'n Kaffir mytji het gebruik, is sonder twyfel; geloofbare manne het self met di meit gepraat en sy het hulle alles fertel. Toen di Wit Flag opgaan was daar omtrent 1,500 Boere op di feld; mar net omtrent 200 het al di werk gedoen. Firal di 60 man in di kloof, dit was yntlik an hulle, wat Jameson fer hom o'er gegé het.

Na di Engelse di wapens toen neergelê het, het di Boere fan hulle geneem karre fol kanon-koëls en 'n sko skar fol patrone.

Op syn minste 70 Engelse en omtrent 40 pèrde is in di slag fan 'n loornkop doodgeskiet. Di Boere wat hier geval het is:—Frans Venter, McDonald, Van Tonder en Potgieter (deur di Boere self geskiet).

Hulle fertel ons fer di waarheit, dat Van Tonder onder di Engels ferward geraak het en toen hulle hom kry het hy 5 skote deur hom gehad. So kan dit wees dat hy ok deur di Boere self dood geskiet is.

Ek mag nog net dit sê, toen di Boere di eerste maal by di kamp by Ottos Koppi by makkaar kom toen het party van hulle gen saal, party gen baatji, party gen kos, en party gen geweer gehad ni. Een ou baas fan omtrent 74 jaar was ok daar angekom sonder saal. Mar hy was gekom om 'n saal te haal en hy het een gekry ok. Ja, al was daar behoefte an baing dinge, kos, skietgoed, ens, daar was ni behoefte ni an liefde fer folk en land. *Lank lewê di Transvaal!*

H. PIENAAR,

Sketse van ons Volkskarakter.

“TJITTE MAR NEER!”

AN Heksrivier het vroe'er 2 broers gewoon, Piit en Stefaans. Hulle plase grens an makkaar, mar di wonings lê van makkaar af, sodat jy van di een werf ni di ander kan sien ni.

Piit had 'n snaakse ou Masbiker, ou Kees, wat syn bokke oppas in di berg. Stefaans het naderhand ver ou Kees begin mak maak. Hy nooi ver hom bedags na syn huis toe en maak dan allerhande pret met ou Kees, sonder dat syn baas dit weet natuurlik.

Naderhand het hy dit so vër gebreng, dat ou Kees in di huis op 'n stoel kom sit gesels en rook; en yndelik dat hy al an tafel by di famili same sit eet. Agtermiddags maak hy dan weer di bokke by makkaar; saans is hulle in di kraal; alles is reg en baas Piit weet niks. En Kees is wonderlik snaaks en vol grappe by sulke geleenhede.

Een dag vertel Stefaans an syn broer Piit dat hy sulke grappe met ou Kees het

“Mar, kerel! ek sou tog al te graag di spulletji wil afkyk”—sê Piit.

“Ja, mar dan moet Kees niks daarvan weet ni; want hy is baing bang dat jy dit sal agterkom”—sê Stefaans. “Kyk, ons sal nou so maak: Mor'e sal ek weer ver Kees nooi en dan kom jy persiis om kwart o'er 12. Ek sal ver hom an tafel laat sit met syn rug na di voordeur, dan kan jy di spulletjiis mooi afloer.”

So gesê, en di orlosiis mooi gelyk geset. Di ander dag voormiddag ry Stefaans te pèrd na di veld en sê ver Kees:—“Broer, ek verjaar mos vandag. Jy moet vanmiddag by my kom eet en myn gesondhyd kom drink.”

“Wille jy klo, bloer!—Ekke nette nou kom. Eers di bok daar bo in di klofe breng”—sê Kees.

Om 11 uur was Kees by di huis. Di huismense weet natuurlik van di grap. Stefaans sê: “Kees, broer, mar ek verjaar mos vandag. Jy moet nou eers 'n mooi pak klere antrek voor ons gaan eet”

“A ja, bloer! Onsse kanne so maak”

En Kees kry 'n mooi wit pak klere an. Eers 'n paar bittertjiis gedrink en toen an tafel gaan sit.

Nou sit Kees met syn rug en Stefaans met syn gesig na di voordeur. Ge'eet en gesels. Ongemerkt kyk Stefaans gedurig op syn orlosi. Dis amper kwart o'er 12. Hy sê toen ver Kees:

“Broer, kom dan, nou moet jy 'n mooi kondisi instel op myn verjaardag”—en hy skenk di kelkiis vol. Intussen gewaar hy al ver Piit by di voordeur; mar Kees weet van niks, en staan so ewe deftig op met syn kelki in di hand, en begin heel plegtig:—

“Enne nou ja dan, bloer.....”

Meteen gewaar hy daar is een by di deur. Haastig kyk hy om en siin Baas Piit daar staan.

“Laatte mar tjaan!...” sê hy—set di kelki haa-tig neer—en laat spaander by di agterdeur uit, na di bokke toe, met wit pak klere en af.

Di gelag in di huis kan di leser self bedenk.

* * * * *

Mar nou kom di aand an. Kees kom af met di bokke uit di berg uit. Mar hoe nou met di wit pak klere? Wat sal almal nou daarvan sê as hy met so'n pak uit di berg uit kom?

Kees maak 'n plan. Hy sal di bokke so vër afbreng, dat hulle self kraal toe gaan. Hy sal agterbly tot di donker is, dan eers syn klere gaan omruil, en dan stil-stil na di jongeshuis gaan. En' as baas Piit een mog stuur om te kom kyk waar hy bly, sal hy sê: hy het so'n pyn in syn been dat hy sukkel sukkel, en rus rus moet loop, en later sal kom.

Mar nou weet baas Piit mos van alles. Eers stuur hy 'n klynjong om te gaan kyk waar Kees b'y; en Kees stuur dan oek di tyding dat syn been so seer is. Baas Piit roep toen 4 flukse jonges en stuur ver hulle met 'n katel om ver Kees huistoe te dra.

Wat nou gemaak? Weg hardloop kan hy ni, want dan vind baas Piit uit, dat di pyn in syn been 'n leu'en was. Steun steun klim Kees op di katel, met net een versoek: hulle moet hom tog mar reguit na di jongeshuis toe neem, ni na di huis toe ni. Hy vly hom nou nog met di gedagte: altemit sal baas Piit hom dan ni kom kyk ni, en soos donker is kan hy di wit pak gaan omruil.

Dit was al skemer aand toen di 4 volk, dik van di lag (want hulle wis van alles), angestap kom met Kees. Hulle stap reguit jongeshuis toe. Mar hy kyk telkens. Ja, daar kom baas Piit van di huis af met di kweperkiri, en loop hulle voor na di jongeshuis toe.

“Tjitté mar neer!”—skré Kees.

Mar hulle stap mar an, nes hulle niks hoor ni.

“Tjitté mar neer!”—skré Kees nog harder. Mar hulle stap mar an, dood leuters, nes hulle niks hoor ni.

“Tjitté mar neer!”—skré Kees nog harder, want hulle nader al ver baas Piit. Mar hulle stap mar stadig an, en druk hulle monde toe om ni uit te bars van lag ni.

“Tjitté mar neer!”—skré Kees nog een slag. Mar toen kom baas Piit al te na.—Kees spring bo van di katel af, en loop al wat hy geleer het di berg in. Baas Piit sê gou ver di volk: hy sal skre hulle moet hom vang, mar hulle moet mar so loep dat hulle hom ni inhaal ni.

“Van; hom!—Vang hom!”—skré baas Piit. En di 4 jonges agter hom an di berg in.

* * * * *

Di ander dag morge was Kees by di kraal met syn gewone pak vel klere en di pret was uit. Mar as jy hom wil kwaad hê, dan moet jy mar net sê: “Tjitté mar neer!”

~~~~~

## ⊙ U Pa syn Worki.

### WINTER-AAND STORIIS FIR AFRIKAANSE KINDERS.

#### DI SLANGSTEEN.

(*Ferfolg.*)

“DI aand di jong masbiik-jong hy wek keraak. Een, twe, dri, baing da'e hy hette wek kebly. Lanke daarna hy kom weer. Allematte, hy lyke klat anders. Hy isse dood stil. Hy ni prate ni mette ken mens ni. Syn o'e hulle blinke nesse di sterre. Bitji daarna ons k.k.kry oorlog. Baing sterk nasi komme feg mette myn nasi. Hy ook kaan feg.

Wete ni hoe kom ni, mar waar hy kom di ander somar hard lope, hard lope. Wete ni hoe kom ni, mar hulle perbeer, perbeer fir hom dote maak, kanne ni fir hom dote kry ni. Hy word k.k.kroot man. Hy word kroot induna. Hy winne di oorlog. Di koning hy hette mar net een dogter. Di oorlog wasse klaar. Di koning hy roepe fir hom. Di Koning hy sê; "Jy k.k.kroot man, jy hette kewin di oorlog, jy trou myn dogter. Jy isse koning na mij." So hette di man baing krote kewor, baing ryke. Mense wete ni hoe kom ni. Hy wasse baing koet keweas. Mar wasse baing stil, amper ni kepraat ni. Almal wasse bang fir hom. Isse k.k.koning kewor toen di ou koning dote was. Di *fetis*-man hy sê; "Disse di ds s.s.s.lang st.t.teen, watte so kemaak het."

So lui di stori fan ou Mentor. Met ope mond en o'e staan almal na hom te luister. Toen ons weer na di dipe, swarte kloof in de Tepelberge kyk was di flonkerende ster weg.

"S.s.slang k.k.klaar mette wy, slang k.k.klaan slaap" sê ou Mentor. Di stori fan outa Mentor het 'n dipe indruk op almal gemaak. "Nag, ou Seur; nag, basiis" —kli-k dit fan alle kante. Erful met gedagte an slangstene, an skatte, an roem, an rykdom, an eer, gaan ons klompi uit makkaar. Myn fader stap al pynsende huistoe, en binnen 'n half uur was di hele plaas in dipe rus.

"Di nag had ik mar min slaap, want mijn heel wese was fol van slange en slangstene, en al di goodhyd fan di hele wereld, wat ik met so'n slangsteen sou kon koop. Froeg di ander mor'e toen dit nog pik donker was, was ik op en angetrek, en so gou as ik di ouere mense hoor roer, was ik buite. Di dagster was net pas bo di toppe fan di berge gerys. Ik dwaal rukki buite op di werf rond, en hoor di stem fan myn oudste broer na di kant fan di fé kraal uit. Ik loop daar na toe en soos ik by hom kom sê ik:—"Boeta, fra tog fir pa of ik fandag met outa Mentor na di feld kan gaan"

"Arri, Benjamin, is jy al op? Ik sou tog eers mor'e sê! mar dit lyk of ou Mentor sijn slang jou gepik het, nè? As jy di steen kry, dan deel ons, hoor! Anders kry jy ni permissi om te soek ni."

Myn oudste broer had 'n swak op my, en as ik fbrui, dan siin hy dit gewoonlik mar deur di fingers. Syn bynaam fir my was *Benjamin*, omdat ik di jongste was.

"Boeta,"—laat ik nou folg; "Boeta, en fra met-eens, of ik di klyn gewertji mag saam neem, en gé dan 'n paar skote kruut en ha'el ook, ou boeti. Ik sal regte mooi oppas en regte fersigtig wees."

Myn broer gé my ni 'n direkte antwoord ni, mar stap fluitende na di kant van di huistoe. Dit begin toen al lig te worde, en di folk kom een fer een uit di huisiis uitgekruip. 'n Paar minute later siin ik hom staan praat met mijn fader. 'n Rukki daarna kom hy terug en met 'n fyn spotlag om di lippe en 'n ondergende kyk uit syn o'e sê hy:

"Benjamin ik het permissi fan pa gekry fir jou om met ou Mentor mé te gaan feld toe, en ik sal jou di klyn ha'elgeweer gé met ses skote kruut en 'n paar skote lopers en bokha'el. Al di wild wat jy skiit eet ik alleen op. Mar as jul di slangsteen kry, dan deel ons gelyk op, hoor."

"Dis goed, boeta"—was al wat ik sê. Mar ik kon gerus bolmakisi speul fan blijdschap; want mijn plan was al lang opgemaak om outa Mentor te pols so gou as ons in di feld was. Ik was al te nussgierig om alles uit te fra omtrent di slangsteen. Haarklyn wou ik alles daarfan weet.

'n Half uur later was ons op rys. Ik had myn fader en moeder gegroet, en Mama had my op myn gemoed gedruk om tog fersigtig te wees met di geweer. Welgemoed trek ons feld toe: outa, ek, en di skape en bokke. Ek had gesor'e fir kos. Fiir dik snye grof brood met stêrt fet daarop, en 'n grote karmenatji met sout en peper bestrooi om in di feld an di spit te braai. Dan nog 'n sakkie amandels en resyntjiis, wat ik op 'n manier by makkaar gesukkel het. Ek was net groots om di geweer te dra, en allerhande gedagte fan hoe ik boeta sou ferras met wild wat hy alleen sou moet opeet, soos hy gespog het—kruis heen en weer in myn bryn.

Dit was 'n heerlike mor'e. Di lug was helder blou, onbewolk, en vol geure fan kruiebossiis. Di jonge son skyn vrolik, di berge gé lange skadewe, en 'n frisse, koele lug kom fan o'er di toppe fan di Franshoek berge uit 'n Suid ooste rigting. Fo'eltjiis sing, en fluit tjiip-tjiip, en skré an alle kante, en di doudruppels glinster nes diamante in di sorstrale. Ider doudruppel had 'n kroon fan reenboogkleure tot diadeem. Ek foel opgewek, fol lewenslus. Ek kon di hele wereld indrink soos dit my foorkom.

Ons wy na di kant fan Wimmershoek uit, en moes di Bergrivier deur op 'n plek wat in myn kindse jare di naam fan "Wolwe Driif" had, omdat daar 'n geliifde plek was fir wolwe om deur di riviir te kom fan di o'erkant se flakte. Fan ons p'aas af kon jy saans di ongediirte hoor huil in di digte bome, an di oevers van di riviir.

In di begin het outa Mentor diip in gedagte agter syn fé an geloop. Dit was sonderling, want anders was hy gewoon om deur 'n tijd met di goed te praat. A, Bressi, (Blessi, outa spreek di dikwils as r uit), A, Bressi, jy isse skelm fan mor'e, nè? Jy wille akter bly, nè? Jy wille tuin toe kaan, nè? kaan lekker frete di miliis, nè?"—"Hiirsa, ekke kyke fer jou, Hans, hoe kom jy stote, stote di ander. Wat hette Stompi fir jou kemaak?"

En so kon hy di heel dag deur gesels. Mar di mor'e was hy dood stil. Nou en dan mompel hy tussen syn tande en maak gebare. Ik kon ni verstaan wat hy praat ni, want hy praat syn y'e taal. So loop ek dan mar stil agter di skape en bokke an, en wag myn kans af om outa tot gesel- uit te lok.

Teen di middag was ons onder de eerste kranse fan di groot Dra'enstynse berge na di kant fan Wim-

mershoek. Ons soek 'n skadeweplekki uit on'er di kraans langs 'n klyn fontynlopi. Di water drup, drup drup, in 'n klyne dammetji fol spier witte, rōde klippiis. Outa het droe houtjiis, by makkaar gesoek om fuur te maak. Hy had oek syn rasoen fles om te braai. Ons sny ider 'n paar spitte, en toen di kole mooi lewendig was, gaan ons sit en braai ons krome natjiis. Ik had 'n paar groot plat klippe nader gebreng, een om op te sit, en een om fer 'n soont van tafel te gebruik. Toen syn karmenat i klaar was, haal ik di brood uit, en pre-enteer fir outa 'n lekker stuk, dik met fet gesmeer. Di ou man neem dit an met 'n danki, basi. Ek haal myn hoed af, sê myn tafelgebedji op en begin te eet. Ik had honger, en nog lang het 'n karmenatji fir my ni so lekker gemaak as di dag. Di héle pragtige groot Dra'n-stynse fallei lê foor ons tot in Franshoek en Pniel. Ik sal di dag nooit fergeet ni.

## Pratjiis o'er di Natuur.

### DI SON.

“**E**N die is als een bruidegom, uitgaan 'e uit zyne slaapkamer; zy is vrolyk als een held, om het pad te loopen.”

So beskryf di psalmdigter di opkom van di Son in Ps. 19; en waarlik mooier naam kan ons an di Son ni gé ni, as “Bruidgom”. Sodra di Bruidgom verskyu uit syn slaapkamer, ontwaak di Bruid (di aarde), en verwelkom hom in haar ruilofskleed van duisende kleure. Sodra di son skijn en lig en wamte versprey, herleef alles.

Mense begin te werk en woel met nuwe moed en krag, dire huppel van blydskap, vogetjiis sing en blomme gaan ope om di sonnelig in te drink, en ons oog aanskou 'n wêld vol van lêwe en kleur. Sonder di son kan gen mens of diir of plant lêwe ni. Gen wonder dus, dat di hydene van di vroegste tijd di son anbidde het as di bron van lig en lêwe.

Wat het di Wetenskap ons te vertel van di Son?

Ni veul ni, mar wat ons weet is belangrik. Di wetenskap leer, dat di son 'n onbegryplik grote ronde liggaam is van vuur, so verskrikelik het, dat ons daarvan bijna geen denkbeeld kan vorm ni.

Dit word gesê, dat di hitte wat kom van één viirkante “yard” van di oppervlakte van di son so groot is as of daar op di plekki elke uur 6 ton kole verbrand is. Daar di aarde miljoene van myle van di son af is, kry sy mar 'n seer klyne gedeelte van di hitte wat di son uitgê. En tog is di hitte wat di aarde opneem in één jaar genoeg om 'n laag ys 100 voet dik o'er di gehele aarde te laat smelt. Daar is pertij geleerde wat thans glo dat di son stadig uitbrand en syn hitte afneem. Of dit so is moet nog bewys worre, mar ek ver myn part li t mar wynig lus om dit te glo. Ek praat onlangs met 'n geleerde ou baas daoro'er. Hy

sê toen met 'n sug: “Wel, ek het één'troos, di son sal w l hou solank as ek lêwe.” Myn antwoord was: “A né! mar dis 'n bitji selfsugtig van jou, as jy ver jou lekker warm gemaak het by di grote vuur, om dan te sê: Nou kan di o'erblywende mar toesiin.”— “Nou, mar wat kan jy en ek daaran doen?” was natuurlik syn antwoord.

Julle onthou dat ons onlangs gesê het, dat net di son in ons sonnestelsel met syn eie lig brande. Al di andere lêde van syn famili, soos di aarde, di maan en di planete, kry hul lig van hom, en weerkaats di lig. Di aarde is dus 'n koue liggaam, en daarom kan solide voorwerpe op haar bestaan. Mar op di son bestaan en solide voorwerp of vaste liggaam ni. Alles bestaan daar in di vorm van gas, wat gloeiend wit is van hitte.

Eers moet jul weet wat ons met di woorde “solide” en “gas” bedoel. Alle liggame op di aarde word verdeel in 3 soorte na hul gedaante: *solide* voorwerpe wat taabaar en sigbaar is en ni vloeïend ni, soos hou, steen, vlys, ens., dan kom *vloeibare* voorwerpe, soos water, oli, ens., dan *gasstoffe* soos lug, rook, ens.

Di son, soos jul nou weet, is niks anders as 'n vaste ster, een van di miljoene vaste sterretjiis, wat daar skitter an di hêmel. Hy lyk soveel groter, omdat hy di naaste an ons is van hul almal. D ar is van di ander sterretjiis wat veul groter is as di son, mar so klyn lyk, omdat hulle miljoene male verder is. Di son is verbasend groot. As ons 1½ miljoen sulke bolle as onse aarde kon neem en innekaar kni tot een bol, dan het ons 'n liggaam omtrent so groot as di son.

Di son is omtrent 92½ miljoen myle van ons af, en as ons di son kon deursny in twê gelyke helfte, soos 'n limoen, en een helfte meet o'er di breedste plek, dan sal ons 'n lengte kry, van 850,467 myle. Kortweg sê ons: di as van di son is, so lank. Hoe di sterrekundige dit bereken, kan ons ni hiir uitlê ni; want daarvoor moet 'n mens vêr gevorder wees in wiskunde.

Nou, hoe lyk di son oentlik?

Dis moeilik en gevaarlik om di son met di blote oog te beskou, om syn grote hitte en lig, en ek sou jul ni raai om na di son te kyk deur 'n klyne teleskoop (verkyker vir sterre), want dit kan jul blind maak. As 'n mens 'n stukki glas swart maak o'er di vlam van 'n kêrs, en dan di son daardeur bekyk, dan siin 'n mens net 'n grote ligte ronde bol. Met so 'n stukki glas kan 'n mens mooi siin by 'n sonsverduistering, hoe di maan tussen ons en di son kom en di lig van di son afsny. Di sterrekundige het grote teleskope om di son te bekyk. Dan het hul oek nog ander slim planne uitgevinde, soos jul sal siin, om di son te ondersoek.

Di nitslag van al di ondersoeking is, dat di son nou beskou word as 'n gloeiende, vloeibare liggaam. En net soos di lug of dampkring ons aarde omring, vir myle vêr, so het di son oek 'n gloeiende dampkring,



wat lig g<sup>s</sup> en honderde myle sig uitstrek om hom. Deur di dampkring baan di sontrale vir hul 'n weg na onse aarde toe.

Deur 'n glas kan 'n mens ni di vurige dampkring siin ni, mar met 'n sonsverduistering word di damp kri g beter sigbaar. Ry di totale (geheel) sonsverduistering van 1868 is 'n pragtice waarneming gemaak met teleskope. Toen het hul angetoon, dat in di dampkring lange vlamme myle hoog nitskiit van di son af en dat di vlamme bestaan uit g<sup>s</sup> eieude waterstof. Di oppervlakte van di son is dus ni effe ni, mar omgewe met vlamme, vuurfontyne en verbasend grote vulgowe. Op di oppervlakte, soos hul sê, moet warlwinde waai, waarby onse vreeslikste sestorme en orkane nog mar kinderspul is.

Mar sal jul glo dat daar grote swarte vlekke is in di son?

Dit wys di teleskoop an. Hoewel di son so vêr is, tog, daar di son so groot is, en di kragte wat daar woed so geweldig is, ge di teleskoop 'n pragtice skouspel te siin. Een van di donkere gate is so groot dat verskye aar. bolle daarin kan gaan. Di geleerde denk dat di vlekke ontsaglike gate is in di vurige ingewande van di son, mar dit is seer waarskynlik dat di gate ni leeg is ni, mar gevul met gasstoffs, wat di lig van di son wat van binne uitstroom, afsny.

Nou di vlekke het ons di bewys gelewer, dat di son oek om syn as draai, net soos di aarde. As 'n mens di vlekke bekyk deur di teleskoop, en hul posisi waanneem, en hul weer bekyk, sê twê dage later, dan staan di vlekke meer na di weste kant van di sonneskyf. As 'n mens altyd weer kyk, dan siin 'n mens dat di vlekke gedurig meer en meer verskuiwe na di weste kant, totdat hul geheel verdwyn. Dan blyf hul omtrent 12 dage weg, en dan word hul weer sigbaar an di oostekant van de sonneskyf, en word altyd groter, tot hul na 25 dage weer presis di eerste posisi inneem.

As ons een van di groot ronde vlekke op di son in di oog hou, wanneer dit reg voor ons is, en dan volg terwyl dit na di weste kant beweeg, dan sal ons siin, dat di vlek van gedaante verander. Eers rond, dan half rond, dan altyd smaller, tot dit an di weste net 'n streep vertoon. Nou wat bewijs dit? Gewis, dat di son draai van di ooste na di weste om syn as, eenmaal in di 25 dage. Neem 'n limoen, maak 'n swart kol op syn wang, en draai hom stadig van regs na liuks, dan kry jy diselfde vertoning.

Nou moet ons nog één ding ondersoek, waaruit bestaan di gasstoffs van di son? Meuse en dire en plante kan daar op di son ni wees ni, dis gewis, mar ons wil tog weet waarné di son syn grote oond stook en warm hou. Daaro'er 'n vollende keer.

S. P.

NUWE JAAR 1896.—Imand frafer 'n Transfaalse Boer wat teen Jameson gefeg het met Nuwejaarsdag by Krugersdorp: "Hoe 'n nuwe aar het Oom gehad?"—Di antwoord was: "Di nuwejaar was mooi, mar di musiek was lelik."



Dr. Nansen,

DI ONTDEKKER VAN DI NOORDPOOL.

**N**A berhaalde mistukte pogings van vele jare is dit yndelik an Dr. Nansen en geluk om de Noordpool te leryk. Maar behalve di brig dat hy daar was en dat daar land is, weet ons nog niks van syn bevindings en ontdekkings ni.

Natuurlik sal hy oek ni alles vooraf bekend maak ni, want dan is di nuwigheid daar op voor hy weer in di beschaafde wereld kom, (wat nog 'n héle tydji sal neem), en dan moet hy natuurlik ge'd maak uit syn ontdekkings, nes Stanley. Di teenwoordige nuws is mar 'n voorloper. Dis 'n telegram van Erkutsk wat 15 Fewerwari ontvang is an St. Petersburg, en vermeldende dat 'n Siberise handelaar, genoem Kuchnarff, wa Dr. Nansen syn agent is in Siberié, berig het: dat Dr. Nansen di Noordpool beryk en daar land gekry het, en nou op syn terugrys is. 'n Latere telegram van Erkutsk, van Mnr. Pogoff, editeur van di *Oriental Review*, bevestig di berig.

Dis nou omtrent 2 en 'n halwe jaar van dat di laatste berig ontvang is van di ontdekkingstog, en dit sal wel nog enige maande duur voor ons nou nadere berigte ontvang. Mar is dit waar dat nou vir di eerste maal mense di Noordpool beryk het, dan sal di ontdekkings wel di héle beschaafde wereld in beweging breng, en dan sal *Ons Klyntji* oek wel meer daarvan vertel. Vereers sal ons tevrede wees met di korte vermelding en di portret van di vermaarde ryssiger.

DI AFRIKAANSE ALMANAK ver 1896 bevat 'n grote verskeidenheid nuttige leesstof en opgawe, burgerlik van di h<sup>l</sup> Suid Afrika, en al di Hollanse kerke, en dan oek vyf portrette nam. di Kaapse Parlementsuis. Pres. Reitz, Pres. Kruger, Sir H. Robinson, di W<sup>o</sup> onhuis op di Gedenkskool Plaas. Dit alles ver 9d. stuk; dis spotkoop.—D. F. du Toit & Co., Beperk, Drukkers en Uitgewers, Paarl.

## GENERAAL NICOLAAS JACOBUS SMIT.



Wijle **GENERAAL SMIT** is gebore 30 Mei 1837, in di Afdeling Graaff-Reinet. In 1838 het syn ouers na Natal getrek, later in Transvaal; in 1846 of '48 in Potchefstroom district gewoon; in 1852 deelgeneem an geveg teen Setyeli, Kapt. van Bakweni stam en was by anval op Kolobeng. In 1854 in Makapan oorlog; ko'elwond deur syn oor; 1 April 1861 getroud met Hendrika S. Pretorius; 5 kinders; by inneem van Potchefstroom 1864 gevange geneem deur Komd. Paul Kruger; 1867—'68 in Katlakter-Matshem oorlog; in 1864 Veldkornet, wyk Mooiriviir; 1871 ass. Veldkornet wyk Hoogveld, Pretoria; in 1876 Lieutenant Generaal in Secoecoeni oorlog; dapper gedrag by Mathebis-kop; na mislukking van veldtog, in Ermelo gaan woon; 1876—'77 op vredessending na Ketswayo, goed geslaag; 1880 breek Vryheids oorlog uit; keer Engelse troepe van Lydenburg; Veg Generaal op Langnek; dapper geveg op Skuinshoogte; by glorieuse oerwinning op Amajuba 27 Few. '81; na oorlog Volksraadslid ver Middelburg; 1883 met deputati na Engeland, Londen Konvensi 1884; 1885 Vice-President en non-officieel lid Uitv. raad; 3 maal herkiis; vele andere gewigtige betrekkings; Mei 1895 weer getroud met Mej Preller; oerlede 4 April 1896.

“Ons Klyntji.”

Eerste Afrikaanse Maandblad met printjiis, en bevat mooi Afrikaanse Storiis, Gedenkstukke en Verhale uit ons Geskiedenis, Afrikaanse Gedigte met musiek; Eenvoudige Pratijs o'er Wetenskappelijke Sake; 'n Verhaal o'er di Koningin van Sakeba hoe sy in Simbabwe (Sambesia) gewoon en geregeer het, hoe sy by Salamo gaan kuier het. ens. ens., allerinteressants. Prys 4s. per jaar. Voornit betaalbaar.

(1) Prys is slegs 4s. ver di volle jaar—tot Maart 97. (Vre half jaar neem ons ni an ni). Betaalbaar met Poswissels. Vrystaat en Transvaalsche Stempes en Transvaalse hardgeld kan ons hiir ni gebruik ni (moet uitgewissel worde). Dus so min as mo'entlik daarné betaal.

(2) Nuwe intekenaars kry nog van di eerste No. af—solank as ons voornadhet.

(3) Intekenaars wat vorige nos. ni gekry het ni, moet mar skrywe, dan stuur ons dit dadelik.

(4) Intekenaars wat nog agterstallig is, moet assebliff nou tog seker opbetaal, hetay an ons agente of direk an

D. F. DU TOIT, & Co., Beperkt,  
Paarl.

R a a i s e l s .

14. Bybelraaisel : As jy di name reg invul, dan kry jy deur di be-in-lette s en di eind-letters alby van bowe gelees twé plase van belang in di lydensgeskiedenis van di Saligmaker.

1. Di hoofvors van Mesech.
2. Di broer van di man wat by di Ark des verbonds dood neergeval het.
3. Een afgod wat di profeet Elia met reg bespot het.
4. Een versterkte plaas op Sion, wat David ook g-win het van di Jebusite God word ook dikwils met di naam in di Psalme genoem.
5. Di naam van een van di plekke waarvan Aser di inwoners ni verdrywe het ni uit syn erfdeel.
6. Di bynaam van Elia.
7. Di moeder van Adonia.
8. Di naam van di akker des bloeds.

15. Lees my van agter of van voor,  
Altyd laat ek jou diselfde hoor,  
En as jy in nood verkeer,  
Dan word myn koms deur jou begeer.
16. Hoe kan jy van 'n Ier 'n drank maak ?
17. Letterraaisel.

Met 'n *S* is ek 'n meisi,  
So ook met *kl* er by;  
Met 'n *t* bekoor ek vele,  
Met 'n *Sch* kan ek goed knippe,  
Met 'n *h* is ek seer fyn;  
Met 'n *j* sal jy leser  
Weer twaalf maande ouder yn.

18. Waar dorp in ons land bestaat voor 'n derde deel uit adel ?

19. 'n Woord van twee lettergrepe.  
Myn eerste kom des morgens,  
Myn tweede in di voorjaar;  
Myn geheel hou di merk op  
di hoogte van di nuwste geskiedenis.
20. *A*  
*S* sp. *I.* Hoe lees jy dit ?  
*E*

Tyd met antwoorde tot 15 Juni. Antwoorde moet ingestuur worde an

DS. W. J. SNYMAN.

Venterstad.

“Ons Klyntji.”

Ons Klyntji lees,  
Hy 's ni bevrees,  
Hy lees 2erus,  
Di gaan met lus.

Ons Klyntji spoed,  
Hy is net goed,  
Hy sal ni pronk,  
Hy is te jonk.

Ons Klyntji voor,  
Di heel land door,  
So klyn by is,  
Gaan hy gewis.

Ons Klyntji weet,  
Moet ni vergeet:  
Betaal my goed,  
Dan gaan 'k met spoed.

Ons Klyntji vraag:  
Wil jul tog braaf  
Inteken nou;  
Maak dan tog gou.


Ons Klyntji voel  
Hy wor l gewoel,  
Om hom te kry,  
Staan ni op sy.

Ons Klyntji wag;  
Ver mannekrag  
Maak hom ni seer,  
Hy sal hom weer.

Ons Klyntji, naud!  
Tot ander maand;  
Kom dan gewis  
Meer sterk en fris.

Ons Klyntji seg:  
Hou jou mar reg  
Om mij te koop,  
Dan kan jy loop,  
Ons Klyntje groet:  
Dag, gaan met spoed  
Ek ga na huis,  
Sê groete tuis.

Ruwe Schetskaart aantonende de ligging der voor-  
naamste Plaatsen in Sambia.



|                        |     | Afstanden. |                          |     | Afstanden.  |
|------------------------|-----|------------|--------------------------|-----|-------------|
| Vrijburg naar Mafeking | ... | 97 mijlen. | Pietersburg naar Tuli... | ... | 135 mij'en. |
| Mafeking naar Palapwe  | ... | 298 "      | Tuli naar Mangwe         | ... | 90 "        |
| Palapwe naar Tati      | ... | 10) "      | Tuli naar Victoria       | ... | 200 "       |
| Tati naar Mangwe       | ... | 60 "       | Victoria naar Charter... | ... | 123 "       |
| Mangwe naar Bu'uwayo   | ... | 60 "       | Charter naar Sa'isbury   | ... | 55 "        |